N.G. Kerk Witfield

Lowtherstraat 65
Witfield
Boksburg 1459

Tel: 011 826 1878
Faks: 011 826 5976

Posbus 13027
Witfield
1467

E-pos: ngkerkwitfield@telkomsa.net
Webwerf: www.onskerk.co.za/ngwitfield/
OWO Reg. Nr: 930007021

LEEF DAN AS MENSE VAN DIE LIG

Gerig aan:
Skriba van die Algemene Sinode van die NG Kerk
Skriba van Sinode Hoëveld
Skriba van die Ring van Boksburg

Vir aandag:
Moderamen van Algemene Sinode
Sinodale Dienskommissie van Sinode Hoëveld
Ringskommissie van die Ring van Boksburg

Geagte broeders en susters,

Kennisgewing insake Dolering

Die kerkraad van NG Witfield het op 24 Augustus 2020 besin omtrent die verloop van kerklike sake na aanleiding van die Algemene Sinode 2019 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge asook die hantering van NG Witfield se gevolglike verklarings in die verband.

In die lig van bogenoemde het die kerkraad besluit:

1. om, volgens Witfield-verklaring van 28 Oktober 2019, te herbevestig dat al die besluite van 2019 oor selfdegeslagverhoudinge in geheel verwerp word;
2. om, volgens die amptelike verklaring van 16 Maart 2020, die leergeskil met die Algemene Sinode oor die Algemene Sinode se besluite van 2019 te handhaaf. Hierdie aangeleentheid moet deur die ASM hanteer word;
3. om intussen as gemeente oor te gaan tot 'n staat van dolering waardeur ons saam met baie ander behoudende lidmate en kerkvergaderings treur oor die afvalligheid van die Algemene Sinode soos gesien in 2019 se besluite oor selfdegeslagverhoudinge;
4. om weer eens die ASM te versoek om in die lig van die erns van die saak dringend 'n Algemene Sinodale vergadering byeen te roep waar die geskil besleg kan word. Ten spyte van Artikel 42.2 se riglyne hieromtrent, word die ASM versoek om immers gemeentes se oproep hiertoe te hoor;
5. Aangesien ons geskil met die Algemene Sinode is, is dit na ons beskeie mening die enigste kerkvergadering wat die saak kan hanteer. Taakspanne of kommissies se besoeke (of response in die verband), is nie vir ons die aangewese weg tot beslegting van die saak nie, want hulle het geen mandaat om die Algemene Sinode se besluite te wysig nie;
6. Alhoewel ons dolering nie geag word as 'n kerkordelike handeling nie, is dit wel 'n teologiese handeling en sal die praktiese implikasies sowel as die graad en tyd daarvan bepaal word deur die reaksie van die ASM op ons versoek vir 'n buitengewone Algemene Sinodale vergadering waar die saak indringend bespreek kan word;
7. Verder verklaar die kerkraad sy besorgdheid oor die leierskap van die NG Kerk om die taak van die Algemene Sinode te verwesenlik waarin uitdrukking gegee word aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid (vergl Art 43.1.1 asook Regl 1 pt 3.1).

Namens die kerkraad van NG gemeente Witfield soos goedgekeur op 24 Augustus 2020.

Voorsitter: Dr P Kruger **Leierouderling: JC Langeveldt** **Leierdiaken: P van Wyk**